

Taalkundige Belangstelling In Afrikaans Tot 1900

G. S. NIENABER



1950

AFKORTINGE

P.V.—Patriotvereniging van Afrikaanse Teksuitgawes (Johannesburg).

V.R.V.—Van Riebeeck-Vereniging.

W. en W.—Dr. J. D. du Toit: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk* (1917).

INHOUD

	<i>Bladsy</i>
Afkortinge	i
Inleiding... .. .	1
1. Die Tweede Helfte van die Sewentiende Eeu (1652—1700)	1
2. Die Eerste Helfte van die Agtiende Eeu (1700—1750) ...	4
3. Die Tweede Helfte van die Agtiende Eeu (1750—1800) ...	6
4. Die Begin van die Negentiende Eeu:	
(a) Die Betaafse Republiek Voer Weer die Bewind ...	8
(b) Die Britte Neem Opnuut Besit van die Kaap ...	11
5. Wetenskaplike Belangstelling — 'n Eerste Aanduiding ...	17
6. 1850—1875	23
7. 1875—1880	38
8. 1880—1885: 'n Tydperk van Oplewing.	
(a) Belangstelling in Nederland en in die Buiteland ...	49
(b) Belangstelling in Suid-Afrika	54
9. 1885—1895. Opnuut Verslapping	78
10. 1896 tot aan die Oorlog:	
(a) In Suid-Afrika	89
(b) In Nederland en die Buiteland	97

INLEIDING

Dagboekhouders, reisbeskrywers en inligtingverskaffers het in die eerste plek belangstelling getoon in die inboorlinge, diere, plante en bodemgesteldheid van die land. Wat vir hulle nuut en ongewoon was, wou hulle opteken. Die bekoring vir hulle en die lesers in die vaderland het gelê in die opvallend-vreemde van wat hulle in die suidhoek van Donker Afrika waargeneem het.

Daartoe het die taal van die eerste blanke nedersetters nie behoort nie. Vreemdelinge het die taal selde so goed geken dat hulle by magte was om meer as algemene en terloopse opmerkinge te maak; en die Nederlanders van dié dae was gewoond aan 'n toestand van ryke dialektverskeidenheid in hul eie vaderland, sodat hulle waarskynlik nie besonder verras was oor plaaslike afwykinge in woordeskat e.d. soos hulle dit in Cabo en omgewing miskien gehoor het nie.

Bowendien was daar nog nie sprake van wetenskaplike studie van die lewende volkstaal nie, al het die Renaissance ook in Nederland die oë oopgemaak vir die skoonheid en suiwerheid van die eie taal.

Wel sal ons dikwels iets verneem oor die baie nasionaliteite wat aan die Kaap verteenwoordig was bv. by Kolbe, of van die moeilikhede om met die Hottentotte handel te drywe weens gebrek aan kennis van hul taal. Dr. O. Dapper beskrywe hul taal met die volgende bewoording:

„Hun sprake gaet geduurigh met klokken, als de kalkoensche hanen, klappende, of klatzende over het ander woort op hun mont, gelijk of men op zijne duim knipte, zoo dat hun mont byna gaet als een ratel,

staende en klatsende met de tonge overluit; zijnde elk woort een byzondere klats.

Zommige woorden weten zy niet dan met heel zwaere moeite te uiten, en schijnen die als van achteren uit de kele op te halen, gelijk een kalkoensche haen, of als de luiden in Duitslant aen d'Alpes doen, die door het drinken van sneeuwater krop-zwellen aen den hals krijgen . . ." (V.R.V. XIV, 70).

Daar is verskillende pogings aangewend om die taal-moeilikeid te bowe te kom. Van Riebeeck het byvoorbeeld 'n Hotnotmeidjie Eva in diens gehad en soms verslag uitgebring hoe sy in „Duytsch," d.i. in Nederlands, vorden. Ons weet ook van 'n paar woordelyste van Hottentots, soos die van G. F. Wreede, Grevenbroeck, Kolbe e.a.

In die agtiende eeu sal ons ook hoor hoe die Frans van die Hugenate besig was om uit te sterwe. Al sulke uitsprake hou egter nie direk verband met ons onderwerp nie. Ons wil naamlik naspoor watter belangstelling daar in die loop van tye in ons taal sélf getoon is.